



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## **Twee is moeilik** deur Anna Emm

"Vir EEN ken ek goed," sê Ertjie Eekhorning vir Sonja Sonbesie, "en DRIE en VIER is maklik. Selfs VYF kan ek tel, maar TWEE... Twee is moeilik..."

"Ag nee, man," sê Sonja Sonbesie, "TWEЕ is maklik! Twee is soos jou twee ogies, en jou twee oortjies. Twee is soos jou twee lang eekhorning-tandjies voor. Kom ons probeer weer."

Ertjie sug, en dan tel hy weer: "Een akkertjie, drie akkertjies, vier akkertjies, en vyf akkertjies. Is dit reg?"

"Nee," Sonja Sonbesie skud haar kop. "Jy het weer vir TWEE vergeet."

Ertjie wil sommer begin huil. "Ek sê jou mos TWEE is moeilik! En as ek nie môre van een tot by vyf kan tel nie, mag ek nie saam met die ander eekhorinkies na die skooltjie toe gaan om slim te word nie!"

Sonja Sonbesie weet ook nie meer wat om te maak nie, want sy het heel middag vir Ertjie probeer leer om tot by vyf te tel, en elke keer vergeet hy van TWEE. Nou sug sy ook diep. "Miskien moet jy vir ons gaan warm sjokolade maak," sê sy. "Dan rus ons so bietjie."

Ertjie Eekhorinkie maak baie lekker warm sjokolade – die lekkerste in die hele bos. Dalk help dit hom om so bietjie te vergeet van die tellery. Maar moenie glo nie! "Daar is EEN blikkie warm sjokolade..." tel Ertjie nou daar in sy kombuisie. "En ek gooi DRIE lepeltjies poeier in die bekere. Dan roer ek VIER keer! Ek gooi VYF klein, pienk lekkertjies bo-op jou warm sjokolade, en vyf klein pienk lekkertjies bo-op my warm sjokolade... Is dit reg, Sonja?"

"Uhm... nie eintlik nie," sê Sonja Sonbesie, "want jy het weer vergeet van TWEE."

Ertjie gaan sit sommer plat op die vloer. "Ek is dom, dom, dom!" snik hy. "Ek is die domste eekhorinkie in die bos. Vir almal is TWEE maklik, maar vir my is dit die moeilikste van al die syfertjies!"

Maar nou sien Sonja mos iets. Bo-op die tafeltjie in Ertjie se huisie staan TWEE bekere warm sjokolade! Een vir hom en een vir haar! "Ertjies, maar jy HET vir TWEE onthou!" roep sy bly uit. "Kyk!"

Ertjies kyk, en nou sien hy ook die bekere op die tafel. "TWEЕ bekere warm sjokolade!" roep hy uit. "Ek het reg getel, want ons is twee – ek en jy! Net soos my twee ogies en my twee oortjies. Hoera!"

Sonja Sonbesie lag tog te lekker en Ertjies tel: "EEN blik warm sjokolade, TWEE bekere met melk, DRIE lepeltjies vol in elke beker, VIER keer roer ek, en VYF pienk lekkertjies in elke beker!"

Die volgende oggend gaan Ertjie Eekhorinkie saam met die ander eekhorinkies na die skooltjie toe, en hy het nooit weer vergeet van TWEE nie. Want TWEE is soos twee bekere warm sjokolade. En dis mos maklik!

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

**Twee is moeilik** illustrasie deur Elanie Bieldt

